BLITSNUUS – 1 Mei 2020

Beste Stellastraatvriende,

WERKERSDAG MAAR TOG NOG INPERKINGS

Dit bly maar net 'n vreemde tyd waarin ons lewe. Ons is dankbaar vir inperkings wat vanaf 1 Mei verlig word (veral die ekonomie wat 'n bietjie meer "loskom" en ook ons litte wat loskom deurdat ons in die woonbuurt kan rond beweeg). 1 Mei is ook Werkersdag en hoe het ons werk nie verander in die afgelope 5 weke nie? Miskien is ons te hard op onsself. Dink net aan al die aanpassings wat ons al gemaak het om in die grendeltyd te kan werk. Maar dan is daar ook baie mense wat nie kan werk nie – nie eens met die verslapping van die inperkings nie. Die keuse tussen aan die een kant lewe maar sonder hoop en aan die anderkant hoop sonder lewe, bly 'n baie moeilike keuse. Dit wat ons almal sekerlik die meeste vang, is die onsekerheid van die tyd. Dit is amper asof jy van niks seker is nie. Dit is dan dat die woord ***"hoop"*** nuwe betekenis kry. Hoop is die anker wat jy van die boot afgooi om die boot te anker. Hoop lê buite ons (in God) maar binne in ons gee hoop aan ons 'n stukkie geborgenheid.

Onthou asseblief jy kan enige tyd enige een van ons leraars kontak.

Liefde Fay, James, Anton en 10ni.

OORDENKINGS SONDAG 3 MEI

Fase 4 van die inperking het wel 'n mate van verligting gebring maar sport- en religieuse byeenkomste is nog steeds verbode. *"Live-streaming"* (om die diens direk uit te saai) blyk op die oomblik nog nie vir ons moontlik nie. Ons hou vir eers dan by ons een "sitkamer-diens". Ons besef dat die woord "sitkamer-diens" nie 'n goeie beskrywing is nie want baie kyk nie in die sitkamer na die video nie en die inhoud is nie die van 'n erediens nie. Miskien is "***Weeklikse oordenking"*** dalk 'n beter keuse. Help ons asseblief met 'n kreatiewe beskrywing en stuur vir ons jou voorstel.

Daar is 'n kort Kleuterkerk-oordenking wat deur Fay en Marina beplan en opgeneem word. Hierdie opname sluit ook by die Weeklikse oordenking se tema aan. Ons gee ook vir gesinne die geleentheid om bietjie oor die oordenking te gesels en daarom gee ons ook 'n Huisgeloofvraag. Die hele idee is dat julle as huismense (wie ook al saam met jou na die oordenking kyk) oor die oordenking nadink en gesels. Julle is ook welkom om die leraar te kontak (ons kan doen met wenke!!). Hieronder is ook 'n skakel wat jy kan gebruik om 'n Kinderpret-speelleer boek af te laai. Hierdie boek het 14 speel- en aktiwiteitsoefeninge oor verhale in die Ou Testament. Bybelmedia het hierdie dokument vir ons gratis beskikbaar gestel. Hier is die skakels wat jy kan gebruik:

- **Weeklikse oordenking** (James) https://youtu.be/_fVipM7zo5o
    - Die tema is "Wat is regtig belangrik in die lewe?" (Mat 23:23-24)
- **Huisgeloofgesprek** wat saam met die oggenddiens tema gaan:
    - Gesels as gesin met mekaar oor die uitdrukking *"Julle skep die muggie uit julle beker maar julle sluk die kameel in"*. Wat sou hierdie uitdrukking in vandag se tyd beteken?
- **Kleuterkerk** (Marina en Fay) https://youtu.be/GMfom8aYJXM
- **Adoramus** (Willem) http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-3-Mei.pdf
    - Die teks is Handelinge 2:42-46 en die tema is "'n Lewe in eenvoud".
- **Kinderpret – speel en aktiwiteitsboek** http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Kindpret.pdf

JEUGGROEPE BEGIN WEER

Nadat die koördineerders Donderdag in 'n Zoom-gesprek koppe bymekaar gesit het, is daar besluit om weer met die Jeuggroepe te begin. Ons gaan die staat se voorbeeld volg en dit in fases doen – bloot omdat ons nie presies weet wat en hoe om dit te doen nie. Maar probeer gaan ons probeer!!

Ons besef dat daar 'n verskil is tussen die junior jeuggroepe (jongmense in die laerskool) en senior jeuggroepe (jongmense in die hoërskool). Ons gaan dan ook probeer om die

jeuggroepe verskillend aan te bied. Wat ons wel weet is dat beide groepe nie nog "skoolwerk" wil hê nie. Hulle behoefte aan kontak met hulle vriende is baie groot.

Die 1ste fase gaan bloot net wees vir die groepleiers om weer met die jongmense kontak te maak. Moedig asseblief die jongmense in die huis aan om op die boodskappe van groepleiers te reageer. Daarna gaan ons by die juniors vir 3 weke oor Daniël se "inperking" nadink en by die seniors gaan ons nadink oor hoe raak COVID-19 ons beeld van God. Op 31 Mei gaan ons almal saam nadink oor Pinkster. Daarna begin ons met 'n nuwe fase – ons sal dan verder beplan.

Asseblief help ons dink sodat die waarde van jongmense wat saam met hulle huismense en saam met hulle groter geloofsfamilie (portuurgroep/jeuggroep) oor geloof nadink ook in hierdie tyd kan voortgaan. Kontak enige een van ons leraars as jy wil help of 'n voorstel het.

STELLASTRAAT MAAK 'N VERSKIL

Anton is in kontak met ds Matsepe van **Mamelodi–Oos**. Daar is sowat 10 gesinne in hierdie gemeente wat nie altyd kos het nie. Indien daar Stellastraters is wat kan help, kan hulle gerus met Anton (083-458-8712) kontak maak – hy sal enige hulp wat daar is aan hulle besorg.

Een van die dinge wat die 2020-leefstyl kenmerk, is **gesigmaskers**. Daar is 'n span dames in Stellastraat wat maskers maak en wat ander ook sal help om hulle eie maskers te maak. Is daar iemand wat maskers nodig het? Neem vrymoedigheid om vir Louise Jackson, 083-348-8304, te skakel.

As jy in hierdie tyd van inperking by enige van Stellastraat se **Uitreikprojekte** wil betrokke raak, kontak gerus vir Fay (083-478-0854). Indien jy 'n finansiële bydrae wil maak, merk asseblief jou inbetaling as ***"Uitreik Covid 19".***

Ons wil graag help – so as daar enige iemand is wat hulp nodig het, moet asseblief nie huiwer om enige van die leraars te kontak nie. As jy van iemand weet wat swaarkry, laat weet ons asseblief sodat ons kan planne maak hoe om te help.

ONS BID VIR

- Leon Herbst van Mainstraat 237 wat weer opgeneem is in die hospitaal en wat baie siek is.

VERJAARSDAE (3 – 9 Mei)

- **Sondag 3 Mei**: Nicky Bloem, Charlie Cloete, James du Preez, Anouk Oberholzer, Susan Roets, Carina Rossouw.
- **Maandag 4 Mei:** Rian Breed, Lian Kok, Anniela Maree, Dawn van Wyk.
- **Dinsdag 5 Mei**: Rudolph Bigalke, Iva de Lange, Stephan Dreyer, Bernard du Toit, Philip Grobbelaar, Elzabé Hanekom, Johan-Tiaan Lamprecht, Willie Louw, Morgan Mayhew, Charloné Neuhoff, Albert Reyneke, Ruan Smit, Daniel van Schoor.
- **Woensdag 6 Mei**: Suzette Bester, Lienke Brazendale, Herman du Raan, Liam Fryer, Jamie Kirkpatrick, Willem Nicol, Deon van Zyl.
- **Donderdag 7 Mei:** Estelle Becker, Theresa de Bruin, Arend Hattingh, Jan Kleingeld, Moya Maree, Tristan Mears, Tania Myburgh, Marie Nieuwoudt, Philip Oosthuizen, Lukas Raath, Sophia van Wyk, Izelle Venter.
- **Vrydag 8 Mei:** Guido Cilliers, Stefan Cloete, Charl Crouse, Paul Pienaar, Dirk Reyneke, Mia van Schoor.
- **Saterdag 9 Mei**: Jeanne Brink, Simone Castelyn, Frans Dürr, Juan la Grange, Jacques Nel, Pieter Pistorius.

STELLASTRAAT SE WEBBLAD

Onthou jy kan enige tyd inligting oor die gemeente en die skakels na die oordenkings op ons webblad kry. Gaan gerus na www.stellastraat.co.za

STELLASTRAAT SE BANKBESONDERHEDE

- **NG Gemeente Suidoos-Pretoria**
- ABSA (Takkode 632 005)
- Rek: 540 580 022

Brooklyn CPF

RE: SAFETY WARNING FOR GIVING OUT FOOD

Dear Community,

Brooklyn CPF has noted with concern the growing numbers of homeless people and beggars on the streets and around shopping centres during the current lockdown situation.

While we acknowledge that not all South Africans has the financial means to buy food during this extended lockdown period, we **request the community to please not give out food or money to these individuals!**

There has been multiple reports the past few days of beggars and homeless people getting aggressive and resorting to violence and crime if you do not give them money or food outside of shopping centres and at traffic lights. These individuals are illegal on the street and are suppose to be at the shelters (which provides dry blankets, mattresses and food) or at home, but are now leaving these areas to get these handouts, creating a massive problem for authorities.

We have also received word that some individuals sell this food for drugs. If you want to assist, please do so via existing *accredited* and *legit* organisations, than giving on your own. This is for your own safety as well as your community's.

Be SAFE, be SMART, be ALERT and be KIND. Together we can beat this crisis! Do your part.

Marlene Kruger
Brooklyn CPF: Chairperson
Cell: 072 688 8047
Email: cpfbrooklyn.exco@gmail.com

Issued by Brooklyn CPF, 28/04/2020